

Geliefde Lourensriverder

Wat 'n lieflike dag met beloftes van reën en seën wat kom. Mag ons met geloofsoë bly vorentoe kyk en vertrou al sien ons nie altyd nie..... Ek deel graag iets met jou wat kom vanuit 'n klein Dinamiet Kiedz dogtertjie se hart wie ons leer om te glo sonder om te sien. Haar naam is Makayla du Plessis (8 jr) en haar mamma sê sy het nou onlangs hierdie "preek" geskryf toe sy 'n begrafnis vir hulle hasies gereël het. Die hele familie moes dit bywoon en sy het toe vir hulle die boodskap gebring..... Die "Bybel" gedeelte het sy geles uit PS 23. Die liedjies wat sy gespeel het is GEBED (Koos du Plessis) en afgesluit met Fredi Nest se "Vuur hier binne my".

Mag jy ook jou vuurtjie by Jesus kry en aan die brand wees vir Hom nes Makayla Muis♪

Vriende, familie: welkom by Blobbie, Laila en bucky se begrafnis. Alul was wel baie kort vir ons geleen. Dit het my in die volgende laat dink: die die hasies is seker dood oor die ysige winter weer. In mens en dier sal dit huite maak. Nou het ek vir almal 2 boodskappe:

1. Baie van ons het ook 'n koue winters hartjie. 'n Hartjie wat 'n lekker vuurtjie nodig het en

Daar vuurtjie kry ons net by Jesus. My 2de boodskap is Jesus is ons herder niks moet ons eintlik keer om hom te volg nie. Ons het nodig om elke lewe dag die vuur aan die brand te hou. Dit doen ons deur te bid en bybel te lees. en ook die heel belangrikste is om te glo. * Bid saam! for

Freddie Nest sing: Daars 'n vuur hier binne my! <https://www.youtube.com/watch?feature=related&gl=CO&hl=es-419&v=MK5IqEbKqBU>

Mat 18: 1-6 "In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?" Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: "Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My." "Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink.

NUUSKRUMMELS: 07 SEPTEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

"MAG" NIE UITMIS NIE ☺

Saterdag is om die draai en min kaartjies is oor!

Vir alle vroue! **Baie bederf!**

-praise & worship 🎤 -spreker ☺
-danse 🕺 -pryse 🎁 -eet- en drinkgoed 🍷 -photobooth 📷

NET R50!

Kaartjies by Lourensriver Kerkkantoor: 021 853 5991
EFT kan gedoen word.

NAVRAE: Anneli Theron @ 071 586 1808



M.A.G.
Melsies Agter God

Nooi elke vrou in jou lewe vir 'n amazing oggend propvol bederf en 'n WOORD van GOD vir JOU!

Tema: Waarde van 'n vrou
Datum: 9 September 2017
Tyd: 10h00
Plek: Lourensriver Gemeente
Kostes: R50 p/p

HUWELIKSWEEK: 1 – 7 SEPTEMBER



Ek hoop hierdie week was insiggewend en dat jy lekker aan die kommunikasie in jul verhouding kon werk. Laat hoor asb van jou as die kommunikasiekursus iets vir jou beteken het en of dit positiewe gevolge gehad het.

Daar sal weer geleentheid wees op Sondag, 17 September om jou troubeloftes opnuut aan jou maat te bevestig.

Elke paartjie kry 'n slotjie met hul name op om aan ons Liefdesbrug in die voorportaal te hang. Bevestig asb indien jy deel wil wees hiervan. Kontak: 021 853 5991 of admin@lourensrivier.co.za



DINAMIET KIEDZ



Sondag, 10 September toer ons weer saam met Safarigids Avon Tier dieper die Woestyn in saam met Moses en die Israeliete.

Bring asseblief jou GPS, God se Presiese Sturgids (die Bybel)

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

the Phantom of the Opera

Zorada

27 September, 19:00
HJS Paarl Skoolsaal
R100 pp

Kaartjies by deure of
bespreek by
orrel@paarlboyshigh.org.za
021-872 2875

Silent movie with organ improvisation

PUT THIS on YOUR CALENDAR!

BASAAR

HUIS ESPERANZA

SATERDAG, 30 SEPTEMBER 2017 OM 08:00

Ons begin al **Vrydag 29 September 2017** met heerlike Groenboontjebredie @ R40.00/500ml bakkie, Kerrie en Rys @ R30/350ml bakkie en Jaffels (Kerrie en Gewoon) @ R12.00 elk vir afhaal tussen 15:00 – 17:00

Vir bestellings of navrae skakel Susan le Roux by 021 854 7393.

Basaartafels: Poeding / Pannekoek / Vars Groente en Vrugte / Wit Olifant / Handwerk / Tuisgebak / Kinder- en Geskenktafel en vele meer.

Wegneemetes: Ontbytrolle / Braaivleis / Boereworsrolle / Kerrie & Rys / Hoenderpasteie

Kom drink saam met ons tee en geniet heerlike pannekoek.
Kom kuier die dag saam met inwoners en personeel!
Ons maak staat op u ondersteuning.
BAIE DANKIE!!

KNIEWERK:

- ✦ Bly asb bid vir reën en vir die boere wat steeds swaarkry
- ✦ Kankerbehandeling: Owen Wallis; Sannie le Roux; Annette Laten; Stanley Oosthuizen
- ✦ Angelique Stassen steeds in hospitaal
- ✦ Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal. Geen verdere verbetering.
- ✦ Ons innige meegevoel met die Koch familie met die heengaan van Marie Koch op 2 Sept.
- ✦ Ons innige meegevoel met die Warner familie met die heengaan van John Warner op 4 Sept.
- ✦ Piet Nortjé vir gesondheid

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:


Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 10 SEPT SE BOODSKAP: Eks 12:1-14 (VEERTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Die laaste (10de) plaag gaan gepaard met duidelike instruksies oor die voorbereiding en viering van Paasfees. Dit sal die fees der feeste word vir Israel: fees van verlossing uit slawerny. Dan volg die uitdruklike opdrag: "Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier."

Ons teks openbaar vir God as 'n aktiewe God. God werk, handel, doen, laat gebeur. God hoor die ellende van sy volk en reageer daarop, ten spyte van die feit dat sy volk ongehoorsaam en vol foute en swakhede is.

Waarom God soms lank wag, en waarom God anders optree as wat ons graag sou wou hê, is nie aan ons gegee om te verstaan nie. Maar dat niks buite God se teenwoordigheid gebeur nie en dat Hy 'n God van oordeel maar ook vol genade is, dit is ons troos. "Ek is die Here!"



My gebed is dat die Here ook Sy Seun se bloed aan ons deurkosyne sal sien omdat ons die Lam van God, ons persoonlike Verlosser en Saligmaker en Hoof van ons huis gemaak het.

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE